

17 Mei

Skrifgedeelte: Efesiërs 1:1-14

Fokusgedeelte: DL, 1:8

### Een en dieselfde uitverkiesing vir almal wat salig word!

Word almal wat gered word op dieselfde manier gered, of is daar verskillende maniere van redding? Is daar dalk 'n verskil tussen die redding van gelowiges in die Ou-Testamentiese tyd en dié van gelowiges wat ná Jesus se lewe op aarde leef?

Die antwoord van ons belydenis is: Nee, hierdie uitverkiesing is nie veelvoudig nie, maar een en dieselfde vir almal wat salig word. Daar is dus net een manier van redding: God kies jou al voor die skepping uit om sy kind te wees (vers 4). Vir jou sondes word versoening gedoen deur Jesus Christus se verlossingswerk en God vergewe jou jou sondes (vers 7). Deur God se genade ontvang jy die ewige lewe. Hierdie enigste manier van redding vorm 'n eenheid en het nie "onderafdelings" wat van mens tot mens verskil nie.

Alle uitverkorenes ontvang dieselfde genade, heerlikheid en saligheid en word volgens dieselfde weg van saligheid gered. Nie een verdien om gered te word nie; almal word uit genade gered. Nie een se werke word in ag geneem nie; almal word uit genade gered. Nie een word buite Christus om gered nie; almal word alleen in Hom salig (vers 10-11). Nie een ontvang 'n ander saligheid as 'n ander nie; alle uitverkorenes ontvang die ewige lewe in die teenwoordigheid van God self in die Nuwe Jerusalem.

"Daarom moet ons God prys vir sy groot genade wat Hy in sy geliefde Seun vrylik aan ons geskenk het" (vers 6). As ek besef dat daar een manier van redding is en as ek weet dat ek reeds deel het aan hierdie een manier, naamlik die manier van uitverkiesing deur genade in Christus, kan ek nie anders as om God te prys vir sy groot genade wat Hy in sy geliefde Seun so vrylik aan my geskenk het nie. Daarom wil ek vandag tot eer van God leef!

Ds. HPM van Rhyn (*Thabazimbi*)

